# Direkte en Indirekte rede Hersiening

## Graad 4: Afrikaans

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Direkte en indirekte rede



Kom ons hersien gou 'n voorbeeld:

**DIREKTE REDE**

Mamma sê**:** "Jy **moet** jou veters **vasmaak**."

**INDIREKTE REDE**

Mamma sê **dat** ek my veters **moet vasmaak**.

**ONTHOU**

DIREKTE REDE:
Ons gebruik 'n dubbelpunt en aanhalingstekens.

INDIREKTE REDE:
Geen dubbelpunt of aanhalingstekens nie.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Direkte na indirekte rede


1. André sê: "Ek voel siek."
2. Mamma vra: "Waar is jou pantoffels?"
3. Pieter skree: "Jy maak my seer!"
4. Die seuns het gesê: "Ons gaan nie hier bly nie."



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Indirekte na direkte rede

1. Jana sê dat sy nie dorp toe wil gaan nie.
2. Stephan sê dat hy nie die antwoord weet nie.
3. Ben het gevra of ek kleingeld het.
4. Jan skree vir Hannah dat sy moet stilbly.



Laerskool Mikro Kopiereg ©